OosieNUUS
Oosie NUUSBRIEF
ONS OOSIE WÊRELD

**07/2025** **21 Februarie 2025**

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie ouer

Ons jaar is goed aan die gang, en soos altyd is ons leerders besig om hul beste op elke vlak te gee. Met die toetsreeks wat tans aan die gang is, wens ons elke leerder sterkte toe. Onthou, elke poging bring jou 'n tree nader aan sukses – hou aan om daardie ekstra bietjie moeite in te sit!

Op sosiale gebied was die jaarlikse Valentynsbal weer 'n skitterende geleentheid. Dit was wonderlik om ons leerders te sien saamdans en die vreugde van jonk wees te geniet. Ons is ook baie trots op die finaliste van Mnr. en Mej. Oos-Moot wat 'n suksesvolle Debutantebal beleef het. Hulle werk nou hard aan die voorbereiding vir die gala-aand, en ons sien uit daarna om hul harde werk en styl op daardie verhoog te sien.

Op die sportveld het ons atlete gewys wat met deursettingsvermoë en toewyding bereik kan word. By die B-Bond Interhoër het hulle uitgeblink met uitsonderlike prestasies en selfs nuwe rekords. Ons is ongelooflik trots op elkeen wat ons skool se naam so hoog hou – sien gerus ons gelukwense in die nuusbrief en op sosiale media.

Ons leerders se harte klop egter nie net vir akademie en sport nie – hul gee ook om vir hul gemeenskap. Met die Eco-Oosie projek het ons kos en benodigdhede vir Wollies Animal Shelter ingesamel, en ons Oosie-engele het die inwoners van Eden Outehuis se harte warm gemaak met hul besoek en geskenkies. Hierdie gebare van omgee wys dat ons leerders nie net hul talente uitleef nie, maar ook 'n verskil maak in ander se lewens.

As gemeenskapskool bly ons verantwoordelik teenoor mekaar. Daarom het ons tans twee belangrike fonds-insamelingsprojekte aan die gang:

- **Kosprojek:** Hiermee ondersteun ons gesinne in nood binne ons skoolgemeenskap. Die bydrae help ons om 'n tasbare verskil te maak waar dit die nodigste is.
- **Lugverkoeling vir die skoolsaal:** Ons beoog om broodnodige lugverkoeling in die skoolsaal te installeer. Hierdie saal is nie net die plek vir ons openinge nie, maar ook waar ons matrieks hul eindeksamens aflê – dikwels in die warmste tyd van die jaar.

Ons waardeer almal se ondersteuning met hierdie projekte. Elke bietjie help, en saam kan ons 'n groot verskil maak.

Ons bly trots 'n gemeenskapskool waar elke Oosie hulself op elke vlak uitleef. Mag ons voortgaan om hierdie jaar saam te groei en uit te blink!

Oos-Moot groete,

S THERON
TOESIGHOUDENDE HOOF


Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

## BELANGRIKE DATUMS, KONTAKBESONDERHEDE EN GRAADVOOGDE/-HOOFDE

Die 2025 dagboekaktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar sowel as op die skool se webwerf**.** Let wel: datums van aktiwiteite kan verander as gevolg van omstandighede.

**BELANGRIKE DATUMS**

- 21 Februarie : Rolbal OPEDAG *skuif* na 28 Februarie 2025
- 21 en 22 Februarie : Hokkieproewe (dogters)
- 22 Februarie : Netbal Damesoggend
- 24 Februarie : Graad 12 ekstra uur begin
- 26 Februarie : NWU Interhoër (normale skooldag)
- 28 Februarie : Rolbal OPEDAG
  : Netbalproewe (A + B oefengroepe)
- 1 Maart : Netbalproewe (C + D oefengroepe)
- 1 Maart : Rugbyproewe (Geen proewe op 8 Maart soos in dagboek)

***BELANGRIK***

- ***Met verwysing na die POPIA Wet (Beskerming van persoonlike inligting) wil ons leerders, ouers en personeel daaraan herinner dat PERSOONLIKE KONTAKNOMMERS NIE UITGEGEE MAG WORD, tensy die persoon aan wie die nommer behoort PERSOONLIK TOESTEMMING daartoe verleen het.***
- Maak asseblief gebruik van die skool se telefoonnommer, e-posadres of personeel se skool e-posadresse soos beskikbaar op die skool se webwerf.

| **KONTAKBESONDERHEDE**<br>E-posadresse vir die res van die personeel is op die skool se webwerf. | **GRAADVOOGDE**<br>Afwesighede en die **uitteken van leerders** word deur graadvoogde hanteer. Hul stuur ook belangrike kommunikasie via Whatsapp na ouers. |
|---|---|
| **Hoof:** Me Susan Theron<br>(diehoof@oos-moot.co.za)<br>**Adjunkhoof:** Me Hanlie van Staden<br>(vanstadenh@oos-moot.co.za)<br>**Adjunkhoof:** Mnr Fraser Parker<br>(f.parker@oos-moot.co.za)<br>**Dissipline:** Me Mariane Haasbroek<br>(c.haasbroek@oos-moot.co.za)<br>**Maatskaplike werker:** Me Janine Olivier<br>(j.olivier@oos-moot.co.za)<br>**Finansies en Oosie-klerewinkel:** Me Annalize Jacobs<br>(finansies@oos-moot.co.za<br>**Bemarking:** Me Chriselda Meyer<br>(bemark@oos-moot.co.za)<br>**Kultuur:** Me Lee Bouwer<br>kultuur@oos-moot.co.za<br>**Sport:** Mnr Braam Pretorius<br>(sport@oos-moot.co.za)<br>**Klerebank**: Me Karin Badenhorst<br>(klerebank@oos-moot.co.za) | **Graad 8** - Me Janine Botha<br>(j.botha@oos-moot.co.za) of 079 207 4415<br>**Graad 9** - Me N Pfeil<br>(n.pfeil@oos-moot.co.za) of 066 416 6252<br><br>**Graad 10**: Me T Ferreira (**Kw.1**)<br>(t.ferreira@oos-moot.co.za) of 064 884 6059<br><br>**Graad 10**: Me Z de Klerk (**Kw. 2,3,4**)<br>(z.deklerk@oos-moot.co.za) of 064 884 6059<br><br>**Graad 11:** Me M Gillies<br>(m.gillies@oos-moot.co.za) of 079 207 0022<br><br>Graad 12: Me S van der Merwe / Me M Grové<br>(m.grove@oos-moot.co.za) of 079 208 4632 |

Raadpleeg asseblief altyd eers die skool se nuusbrief en webwerf indien u na belangrike inligting op soek is.

## LIEF EN LEED

Ons gedagtes en gebede gaan uit na Jordan Swart Met (gr.12) met die afsterwe van sy vader. Mag julle krag en berusting vind in jul herinneringe en liefde.

## AKADEMIE

### Graad 12 Ekstra skooluur

Ons wil graag hierdie aangeleentheid met ons ouers deel betreffende ons matriekleerders se huidige akademiese jaar.

Met die oog op die strewe na 'n suksesvolle en gebalanseerde leeromgewing het ons besluit om een keer per kwartaal 'n ekstra, **verpligte** skooluur in te stel vir die matriekklas. Hierdie bykomende uur is toegespits daarop om die sillabus meer deeglik te dek en om die druk van ons jaarlikse onderrigprogram te verlig.

Om hierdie inisiatief sinvol te laat slaag, vra ons vir die volle samewerking van ons matrikulante en hul ouers. Gedurende hierdie tydperk sal daar geen ander buitemuurse aktiwiteite vir die matrikulante wees voordat die ekstra skooluur om 15:00 afgehandel is nie.

Die tye is soos volg

| Datums | Sleutel (*Key*) | Tyd |
|---|---|---|
| 24 Februarie | 1 | 14:00 – 15:00 |
| 25 Februarie | 2 | 14:00 – 15:00 |
| 27 Februarie | 3 | 14:00 – 15:00 |
| 3 Maart | 4 | 14:00 – 15:00 |
| 4 Maart | 5 | 14:00 – 15:00 |
| 6 Maart | 6 | 14:00 – 15:00 |

### Akademiese uur : Wiskunde nuwe lokale

Neem asseblief kennis van die nuwe lokale vir graad 8- en 9-leerders.

| Graad | Lokaal |
|---|---|
| 8 | K72 & T11 |
| 9 | G1 & T9 |

### Wolkskool - Intekenprobleme

Ouers wat sukkel om op Die Wolkskool in te teken, moet asseblief op die volgende let: Vir 2025 moet julle net weer inteken deur die volgende koeponkode te gebruik: **HSOMWSSL** om te heraktiveer of registreer. Indien daar steeds probleme ondervind word, kontak asseblief die skool vir verdere hulp (h.snyman@oos-moot.co.za).

### Ekonomie werkboek/studiegids 2025 vir graad 11-leerders

ʼn Skrywe vir die aankoop van ʼn addisionele werkboek/studiegids vir die 2025 graad 11-leerders (wat hul ook in hul graad 12-jaar sal gebruik), word aan die leerders uitgegee. Die bestelling en betaling van die werkboek moet asseblief **voof 28 Februarie** gedoen word. Die skrywe met volledige inligting is ook op die skool se webwerf beskikbaar.

### Wiskunde Olimpiade Graad 8 tot 12

Ons nooi ons leerders uit om hul wiskundevaardighede te toets en deel te wees van ʻn opwindende uitdaging deur in te skryf vir die Suid-Afrikaanse Wiskunde-Olimpiade. ʼn Skrywe met volledige inligting word aan die leerders uitgegee en is op die skool se webwerf beskikbaar.

Datum : 13 Maart 2025
Tyd : Ná skool
Plek : Hoërskool Oos-Moot

Die Olimpiade is nie net ʻn gewone wiskundetoets nie – dit evalueer leerders se probleemoplossingsvermoë en wiskundige denke op ʻn kreatiewe manier. Dit is ʻn wonderlike geleentheid om hulself te toets en moontlik deur te dring na die volgende rondtes.

## FOTOBESTELLINGS – INDIVIDUELE FOTO'S VAN LEERDERS

Ons herinner graag ons ouers en leerders aan dat 3 Maart die afsnydatum is vir fotobestellings (individuele foto's) by Prestige Photo. Navrae kan gerig word aan me N Visser (vissern@oos-moot.co.za).

## SPORT

In die nuusbrief sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van ʼn sportsoort uitgelig word. Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se webwerf geplaas word (soos dit ontvang word).

### Atletiek

Programme en uitslae word op die skool se webwerf geplaas sodra beskikbaar.

Die datums vir die komende byeenkoms is soos volg:

| Datum | Byeenkoms | Plek | Program |
|---|---|---|---|
| 26 Februarie | NWU Interhoër | Potch | |

### Hokkie

**Kontak**

Die organiseerders kan per e-pos by hokkie@oos-moot.co.za gekontak word.

**Kommunikasie**

Ons nooi graag die leerders (en hul ouers) wat hokkie wil speel om by ons WhatsApp groepe in te skakel. Belangrike inligting rakende die oefeninge, proewe en die toere word daarop uitgestuur.

- Meisies
- Seuns
- Ouers - seuns
- Ouers - meisies
- Doelwagters

**Proewe**
21 Februarie
- o.16 Dogters: 14:00 - 15:30
- o.18 Dogters: 15:30 - 17:30

22 Februarie
- o.15 Dogters: 07:30 - 09:30
- o.14 Dogters: 09:30 - 11:30

Die seuns se proewe sal bevestig word sodra die krieket afgehandel is.

**Addisionele oefendatums:**
22 Februarie 1ste dogters tyd sal bevestig word.

**Oefenwedstryde**
Die oefenwedstryde is deel van onderskeie deelnemende skole se proewe. Die finale programme sal nader aan die tyd deurgegee word.

| Datum | Span | Mededingers |
|---|---|---|
| 24 Februarie | 2de (dogters) | H/S Wonderboom |
| 25 Februarie | A-spanne (dogters) | H/S Wonderboom |
| 26 Februarie (verandering) | Dogters + o.16 seunsspan | EG Jansen |

**Borge**
- Borgbriewe vir alle spelers is beskikbaar by me L Steyn (k102).
- Alle borgbriewe moet voor of op 31 Maart by me L Steyn ingehandig wees.
- Ouers wat nog nie hulle kind se deelname aan die toere bevestig, moet dit asseblief teen 24 Februarie bevestig.

**Toerdatums**
Al die spanne is ingeskryf om van 31 Maart – 3 April na Bethlehem te toer. Die toerbriewe is op die ouergroepe versprei en is op die webblad beskikbaar.

| Spanne | Datums | Plek | Beraamde koste en betalingsverwysing | Datum betaalbaar |
|---|---|---|---|---|
| Eerste dogters oefengroep | 28 Februarie | St Mary's DSG | R 100 per speler<br>PR351 speler voorletter+van+span | 14 Februarie |
| o.14 dogters oefengroep | 28 Februarie en 1 Maart | Krugersdorp | R 500 per speler (Ry elke dag deur.)<br>PR352 speler voorletter+van+span | 14 Februarie |
| Eerste dogters oefengroep | 7 en Maart | Krugersdorp | R 500 per speler (Ry elke dag deur.)<br>PR351 speler voorletter+van+span | 14 Februarie |
| Alle ander spanne en spelers | 31 Maart tot 3 April | Bethlehem | R 4000 per speler<br>PR350 speler voorletter+van+span | 10 Maart<br>R200 deposito teen 14 Februarie |

**Fondsinsameling**
Ondersteun asseblief ons fondsinsamelingsprojek *Rock Royalty vertoning*
Datum : Saterdag, 15 Maart 2025
Plek : Barnyard Menlyn
Kaartjies R125 per persoon.

Kontak me. Steyn by hokkie@oos-moot.co.za om kaartjies te koop.

**Oosie-Juniors**
Die Oosie-Juniors begin op 7 Maart. Meer inligting sal binnekort of op webwerf en sosiale media geplaas word. geplaas word.

## Krieket

Bepalings en uitslae
Die eerste kwartaalbepalings vir die onderskeie krieketspanne asook die uitslae is op die webwerf beskikbaar.



Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

Ons omgee-uitleefskool
*Waar ons met passie potensiaal ontsluit*

## Netbal

<u>Proewe</u>

**28 Februarie**

Spanne : A + B oefengroepe
Plek : Oos-Moot netbalbane

Program en reëlings

| Tyd | Rondte | Baan 1 | | Baan 3 | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **16A+B** | | **14A+B** | |
| 14:15-15h20 | 1 | <u>Skeidsregters</u><br>Tania<br>Leandi | <u>Keurders</u><br>Shante (A)<br>Alitzia (B)<br>Chante (hulp)<br>Leandi (hulp)<br>Corlia (tegnies) | <u>Skeidsregters</u><br>Amy<br>Mathilda | <u>Keurders</u><br>Anzche (A)<br>Lecrishia (B)<br>Chante (hulp)<br>Benise (hulp)<br>Amone (tegnies) |
| | | **17A+B** | | **15A+B** | |
| 15h20-16h15 | 2 | <u>Skeidsregters</u><br>Lecrishia<br>Amy | <u>Keurders:</u><br>Leandi (A)<br>Nicole (B)<br>Benise (hulp)<br>Alitzia (tegnies) | <u>Skeidsregters</u><br>Tania<br>Mathilda | <u>Keurders:</u><br>Chante (A)<br>Amone (B)<br>Shante (hulp)<br>Anzche (hulp)<br>Corlia (tegnies) |

- Spelers moet 'n halfuur voor hul proewe aanmeld by tafel om nommer te kry en af te merk.
- Rondte 2 – spelers moet reg wees om stiptelik 15h20 te begin.
- Spelers wat nie die proewe kan bywoon nie moet 'n dag voor die proewe 'n doktersbrief inhandig.
- Na afloop van die A en B oefengroep se proewe sal daar 14 spelers geïdentifiseer word. Die res van die spelers skakel in by 1 Maart se proewe.
- Enige speler wat by die C&D oefengroep is, is welkom om hul name te kom opgee vir die A&B oefengroep se proewe voor 26 Februarie.
- Die term ''tegnies" by die keurders, beteken dié persone lees die punte op 'n rekenaar in om seker te maak die proewe word op 'n streng en regverdige wyse hanteer.

**1 Maart**

Spanne : C + D oefengroepe
Plek : Oos-Moot netbalbane

Program en reëlings

| Tyd | Rondte | Baan 1 | | Baan 3 | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **16C+D en 15C + D** | | **14C+D** | |
| 08:00-09:30 | 1 | <u>Skeidsregters</u><br>Lecrishia<br>Amone | <u>Keurders</u><br>Ninette (16C)<br>Dijani (16D)<br>Marisce (15C+D)<br>Alitzia (hulp) | <u>Skeidsregters</u><br>Leandi<br>Amy | <u>Keurders</u><br>Anna-Mart (C)<br>Charlize (D)<br>Chante (hulp)<br>Anzche (hulp) |

- Spelers moet 'n halfuur voor hul proewe aanmeld by tafel om nommer te kry en af te merk.
- Spelers wat nie die proewe kan bywoon nie moet 'n dag voor die proewe 'n doktersbrief inhandig.
- Finale C- en D-spelers sal voor die einde van die naweek bekend gemaak word.
- Enige speler wat by die C&D oefengroep is, is welkom om hul name te kom opgee vir die A&B oefengroep se proewe voor 26 Februarie.
- Let wel: Sekere spelers mag moontlik in 'n ouer ouderdomsgroep speel aangesien sekere ouderdomsgroepe baie spelers het terwyl ander te min het om spanne vol te maak. So verseker ons dat almal 'n span haal en die 2025 saam geniet.

Die term ''tegnies" by die keurders, beteken dié persone lees die punte op 'n rekenaar in om seker te maak die proewe word op 'n streng en regverdige wyse hanteer.

### Rolbal

Villieria Rolbalklub hou 'n OPEDAG vir alle belangstellende leerders wat rolbal wil speel.
Datum : 21 Februarie **skuif na 28 Februarie** as gevolg van reënweer.
Tyd : 14:00 to 17:00
Plek : Villieria Rolbalklub
Navrae kan gerig word aan me S van Blerk (rolbal@oos-moot.co.za)

### Rugby

Bepalings en afrigters

Proewe
Datum : 1 Maart
Tyd : 08:00 tot 12:00
Plek : Oos-Moot rugbyvelde
*Let wel: Geen proewe op 8 Maart soos aangedui in die skooldagboek.*

Wedstryde
Datum : 4 Maart (PBHS vriendskaplik)
Meer inligting word later beskikbaar gestel.

## KULTUUR

### Kontakbesonderhede

Die e-posadres vir ons Visehoof: Kultuur is kultuur@oos-moot.co.za.

### Mnr en Mej Oos-Moot

Gala-aand
Datum : 26 Maart
Tyd : 19:00
Plek : Skoolsaal
Kaartjies : Verkope open op 12 Maart by die Kultuurkantoor.
Koste : R130 (gewone kaartjies met ongeallokeerde sitplekke)
R160 (goue sirkel kaartjies)

### Eco-Oosies

Wollies

Baie dankie vir almal wat reeds ruimhartige skenkings gedoen het vir die Wollies projek. Hoewel die afsnydatum vir skenkings 21 Februarie is, kan skenking van die volgende produkte steeds gedoen word by me M Martins se klas (K38).

Produkte

| | |
|---|---|
| Honde/Katte: Blikkies kos | Hase: Pellets |
| Honde/Katte: Droë pellets | Rys en Paste |
| Donkies: Pellets en Marie Beskuitjies | Skoonmaakmiddels: Jik, Jeyes Fluid, Skottelgoedseep en swart sakke |

### Redenaars en Public Speaking

Uitdunne

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aankondiging van deelnemers vir gala-aande | 25 Februarie | | |
| Public Speaking gala-aand | 3 Maart | 16:00 tot 20:00 | Personeelkamer |
| Redenaars gala-aand – Juniors | 5 Maart | 16:00 tot 20:00 | Personeelkamer |
| Redenaars gala-aand – Seniors | 6 Maart | 16:00 tot 20:00 | Personeelkamer |

Vir die interne gala-aande mag enige onderwerpe vir die toesprake gebruik word. Indien die leerders aan verdere kompetisies wil deelneem, moet van die ATKV temas gebruik maak.

## FONDINSAMELINGS

### Pie Partners

Hoërskool Oos-Moot in samewerking met *Pie Partners* bied u die geleentheid om handgemaakte, bevrore pasteie teen bekostigbare pryse aan te koop. In vandag se besige lewe is 'n bekostigbare, vinnige opsie vir 'n maaltyd die uitkoms vir menige gesinne.

Bestellings
- Eenmalig per maand.
- Bestellings kan vanaf 5 Februarie tot 4 Maart geplaas word.
- Slegs pasteie met een soort vulsel per boks (dosyn) kan gekoop word. (Vulsels kan nie gemeng word nie).
- Bestelvorms, strokies, bewys van betaling of kontant moet by leerders se voogonderwysers ingehandig word vir kontrole.
- Geen bestellings sal sonder 'n bewys van betaling ingedien word vir aflewering nie.
- Voltooi asseblief die onderstaande bestelvorm en stuur dit voor of op Dinsdag, 4 Maart (saam met bewys van betaling/kontant) terug skool toe.

Aflewering
- Aflewering geskied aan die begin van die daaropvolgende maand.
- Pasteie sal vanaf 10 tot 14 Maart (14:00-16:00) by die skool afgehaal kan word.
- **Grade sal nader aan die tyd hul tydsgleuwe (dae) vir die afhaal van die bestellings ontvang**.
- Ons wil asseblief vra dat ouers by die tydsgleuwe sal hou, omdat geen pasteie wat die fabriek verlaat weer teruggeneem kan word vir berging nie
- Die skool beskik ook nie oor die spasie en toerusting om die pasteie, wat nie afgehaal word, te berg nie. U begrip en ondersteuning in hierdie verband word hoog op prys gestel.

Koste
Pasteie word teen R200 per boks (dosyn) verkoop, met 7 vulsels om van te kies (sien die bestelvorm)

Betaling
- Betaling kan deur kaartbetalings, kontant (skool se finansieskantoor) of EFT geskied.
- Gebruik leerder se **voorletter, van, klas en PIES** as **verwysing** – bv. **JNel9FPIES**.
- Ons wil u bedank vir u ondersteuning met hierdie projek.

Bestelvorm
Die bestelvorm is reeds aan die leerders uitgegee. Indien u navrae het of 'n bestelvorm benodig kontak me L Bouwer (kultuur@oos-moot.co.za).

### IGNITE/TOMORROW

*Voucher* boekies is Donderdag en vandag aan al die graad 8 leerders uitgedeel.

Die graad 8 leerders het nou net soos die graad 8 tot 11-leerders van 2024 die geleentheid kry om deur die verkoop van hierdie *voucher* boekies (R200 elk) te help om fondse in te samel vir **lugverkoeling vir die skoolsaal**.

Die afslagwaarde van hierdie *voucher* boekies is meer as R5 000 en sluit *vouchers* in van onder andere Gys Pitzer Motors, Wimpy Waverley, Brewers Family Restaurant, Toni's Pizza en nog vele meer.

Wanneer 'n *voucher* boekie gekoop word kan die koper ook die *MyLifestyle App* aflaai. Die *voucher* boekie se kode kan op die *App* ingelees word as die afslagkode wat dan aan die koper nog 'n verdere reeks afslagpryse sal ontsluit (ter waarde van meer as R10 000).

## BUITEPRESTASIES

Hoërskool Oos-Moot het nog altyd trots erkenning gegee aan ons leerders se prestasies, beide binne en buite die skool. Om erkenning op 'n meer gestruktureerde manier te gee, het ons 'n paar riglyne opgestel oor watter buiteprestasies ons op ons platforms sal deel. Navrae kan gerig word aan me C Meyer (bemark@oos-moot.co.za).

Skakels
Kliek op die spesifieke blokkie vir die Google vorm.








## GELUKWENSE

Baie geluk aan al ons atlete, spelers, deelnemers wat uitstaande prestasies lewer. Jul opoffering, harde werk en deursettingsvermoë word in jul prestasies gereflekteer. Ons Oosies is ongelooflik trots op almal, van die deelnemers tot die presteerders. (*Prestasies word geplaas soos ontvang*.)

**ATLETIEK B-BOND INTERHOËR**: Ons Oosie-atlete het mooi presteer tydens dié byeenkoms op 20 Februarie. Rekords en uitstaan prestasies is deur die volgende atlete gelewer:

| Atleet | Item | Prestasie |
|---|---|---|
| Roemay Korff | 200m dogters o.14 | Nuwe rekord 25.32sek (verbeter rekord van 1982) |
| | Junior Victrix Ludorum met 1825 ASA punte | |
| | Trofee: Junior baanatleet met 1825 ASA punte | |
| Leandro Delport | 200m seuns o.17 | Een van twee atlete wat die rekord verbeter het. |
| Jayden Pretorius<br>David Joubert<br>Drew Williams<br>Sarel Boshoff | Aflos seuns o.19 | Een van twee aflosspanne wat die rekord verbeter het. |

As skool verwerf ons ook die volgende trofees:

| |
|---|
| Beste Dogtersaflosspan |
| Beste Dogters – spronge |
| Beste Dogters – worpe |
| Beste Seuns – worpe |
| Beste Worpe (algeheel) |

Finale plasings van skole

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Curro Hazeldean | 2654 |
| 2. | Oos-Moot | 2499 |
| 3. | Centurion | 2190 |
| 4. | Overkruin | 1989 |
| 5. | Prestige College | 1940 |
| 6. | Sutherland | 1899 |
| 7. | Akasia | 1874 |
| 8. | Brits | 1751 |

## KOMPETISIE

**PicknPay Waverley** het hierdie jaar weer hul jarelange aankoopstrokie kompetisie vir skole in die MOOT geloods. Ondersteun ons skool asseblief en plaas u PnP Waverley aankoopstrokie in die houer gemerk OOS-MOOT.

## DANKIE AAN ONS BORGE VIR HUL ONDERSTEUNING

Ons sien daarna uit om nuwe borge te verwelkom en ons verhoudinge met beide ons jarelange en nuwe borge te versterk en daarop voort te bou.



Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

## ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF

Belangstellendes kan me M Senekal (webblad@oos-moot.co.za) kontak.




### ADVERTEER IN ONS NUUSBRIEF 2025

*Die nuusbrief word weekliks versprei via die skool se d6 Connect toep en per e-pos na ons ouers (2000+), personeel en leerders gestuur. Die brief word ook op die skool se webwerf (www.oos-moot.co.za) geplaas waar dit die hele jaar beskikbaar is.*

**Kostes vir 'n A6 advertensie**

| | |
|---|---|
| 1 plasing per maand | R350 |
| 2 plasings per maand | R500 |
| 3 plasings per maand | R700 |
| 4 plasings per maand | R900 |
| Plasing vir die hele jaar | Maandelikse bedrag x 11 (% afslag) |

**A4 advertensie ook beskikbaar op versoek.*


**Formaat**

- *Advertensies met 'n voor- en agterblad word as twee advertensies beskou.*
- *Advertensies moet in 'n elektroniese formaat gestuur word (JPEG of PNG).*
- *Geen PDF of geskandeerde advertensies word geplaas nie.*
- *'n Advertensie sal slegs geplaas word na goedkeuring en betaling.*
- *Let wel: "Landscape" formaat advertensies moet gedraai word om in die "portrait" spasie te pas.*

**Stel jy belang?**


*Kontak Mariëtte Senekal by webblad@oos-moot.co.za*











https://wenwetenskap.co.za












Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za